



CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS  
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

## Beste NG Kerk-familie

Die uitdaging om nuwe bronne van inkomste vir die Christelike Lektuurfonds (CLF) te vind, is in vandag se ekonomiese landskap, nog moeiliker. Statistieke toon dat besteebare inkomste krimp en die kompeterende nie-winsgewende organisasies by die dag vermeerder, wat die uitdaging om nuwe donateurs se harte vir CLF se missie en bediening te wen, daaglik groter maak.

Daarom het die Christelike Lektuurfonds verskeie inisiatiewe ondersoek om CLF se volhoubaarheid te bevorder en CLF in staat te stel om voort te gaan om die Boodskap van die Bybel deur middel van gratis en bekostigbare literatuur aan mense te bring. CLF werk saam met die Helpcor Trust, 'n NPO wie se uitsluitlike doel dit is om fondse in te samel en te voorsien aan NGO's/NPO's. CLF het daarom as 'n begunstigde by die Helpcor Trust geregistreer. Die Helpcor Trust / Engo Vrystaat is ook 'n goedgekeurde Artikel 18A organisasie, wat vir u as donateur belastingvoordelig is.

**Ons nooi u hiermee uit om deel te word van dié oplossing.** Enige individu of instansie kan 'n bydrae lewer deur 'n debietordervorm te teken en dan ook ander te inspireer om betrokke te raak by die werwing van fondse vir die Christelike Lektuurfonds. Vir elke debietorder wat u werf, kry u 'n kontant-terug-bonus, gebaseer op die maandelikse debietorderbedrag, om dankie te sê. Daar is drie tipe bonusse:

**Brons Bonus:** Fondswerwers verdien 'n brons bonus wanneer hulle self iemand gekry het om ook 'n debietorder ten gunste van CLF te teken. Drie persent (3%) van hierdie debietorder word as 'n kontant-terug-bonus aan die fondswerwer uitbetaal. Daar is geen beperking op die hoeveelheid mense wat op hierdie manier gewerf word nie.

**Silwer Bonus:** Fondswerwers verdien 'n silwer bonus wanneer die persoon wat deur hulle gewerf is ook ander kry om betrokke te raak by die saak deur debietorders te teken. Vyf persent (5%) van hierdie debietorders word as 'n kontant-terug-bonus uitbetaal aan die oorspronklike werwer. Daar is ook geen beperking op die hoeveelheid mense wat so gewerf kan word nie.

**Goue Bonus:** Goue bonus is die hoogste bonus wat 'n fondswerwer kan bereik. Dit gebeur wanneer die persoon wat deur hom/haar gewerf is silwer bonus bereik. Die oorspronklike fondswerwer se kontant-terug-bonus is 7% van elke debietorder wat deur sy silwer fondswerwer gewerf is. Sy kontant-terug-bonusse is steeds 3% vir persone gewerf op Brons bonus en 5% vir persone gewerf op Silwer bonus, asook 'n verdere 7% en totaal van 15%. Weereens is daar geen beperking van die hoeveelheid mense wat graag op hierdie manier betrokke wil raak nie.

Die fondswerwer sal ook elke jaar 'n IT3 sertifikaat ontvang vir inkomstebelastingdoeleindes.

Indien u 'n bestaande donateur van CLF is, het u nou twee opsies, naamlik:

1. Om voort te gaan met u huidige donasie bydrae (welke dit per debietorder is of ad hoc direkte inbetaling is), of
2. Om op die nuwe debietordervorm aan te dui dat u wil oorskakel na die "gedifferensiëerde debietorderprogram" en wil deel uitmaak van 'n netwerk mense wat fondse vir CLF werf.

Voltooi die debietordervorm in die CLF/Helpcor Trust brosjure, merk "**Ja, Ek wil betrokke raak by die gedifferensiëerde debietorderprogram**", skeur die vorm af, skandeer en stuur per e-pos aan na CLF, vir aandag Ina Willemsse by [ina@clf.co.za](mailto:ina@clf.co.za). Indien u navrae het kontak gerus vir Ina op 021 873 7134 of stuur 'n e-pos aan haar. Klik ook [hier](#) vir 'n You Tube-video hieroor.

**"Ek wil deel wees van die oplossing!"** Indien dit u antwoord is, wonderlik en baie dankie!